# HEBREËRS 2:1-18

## TEMA: <u>Nie Skaam vir Sy Broeders</u> Heb 2:11

<u>Oordenking deur</u>: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**<u>SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING</u>: HEBREËRS 2:1-18**

**Heb 2:1 Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie.**
**Heb 2:2 Want as die woord deur engele gespreek, onwankelbaar was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regverdige vergelding ontvang het,**
**Heb 2:3 hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid veronagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het,**
**Heb 2:4 terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedélinge van die Heilige Gees volgens sy wil?**
**Heb 2:5 Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld waarvan ons spreek, nie onderwerp nie;**
**Heb 2:6 maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek?**
**Heb 2:7 U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel.**
**Heb 2:8 Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie;**
**Heb 2:9 maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.**
**Heb 2:10 Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak.**
**Heb 2:11 Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie,**
**Heb 2:12 wanneer Hy sê: Ek sal u Naam aan my broeders verkondig, in die midde van die gemeente sal Ek U prys;**
**Heb 2:13 en verder: Ek sal my vertroue op Hom stel; en verder: Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het.**
**Heb 2:14 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel—**
**Heb 2:15 en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.**
**Heb 2:16 Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom.**

-o0o-

**Heb 2:17 Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.**

**Heb 2:18 Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word.**

-o0o-

1. **VERHOUDING**

Heb 2:1 Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie.

Heb 2:2 Want as die woord deur engele gespreek, onwankelbaar was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regverdige vergelding ontvang het,

Heb 2:3 hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid veronagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het,

Heb 2:4 terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedélinge van die Heilige Gees volgens sy wil?

Telkens wanneer ons die Woord van God hoor, of die Woord van God verkondig, of elke keer 'n lied sing vir Hom, en elke ding wat ons doen sal ons voor verantwoording doen. Ons sal eendag moet verduidelik wat het ons gemaak met hierdie Woord. Dit is hoekom die skrywer van Hebreërs hierdie waarskuwing rig.

Hy sê: *Pasop dat julle nie weg gedrywe word met valse leringe en tradisies en godsdienste en al hierdie tipe van goed.* **Dit gaan alles oor 'n verhouding**. God maak 'n Verbond met die mens. Hebreërs 13 vers 20 en 21 sê dat Hy het 'n Verbond met ons gemaak deur die Bloed van die Lam. Psalm 139 praat van die boek wat Hy oor ons lewe geskryf het voordat die dae daarvan nog bestaan het. Voor die grondlegging van die wêreld is daar 'n verbond met elke mens op aarde gemaak en God se plan is in jou lewe. *Dit is jou naam, jou persoonlikheid, jou identiteit en God se plan is in alles.*

Ons gaan eendag voor God staan en moet verduidelik wat het ons gedoen met daardie verbond wat Hy met ons aangegaan het. Ons is so maklik besig met allerhande ander goed wat tot niet vergaan. Salomo wie die rykste man op aarde in sy tyd was, reken "Alles is 'n gejaag na wind". Prediker 1:14 Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen word, en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind. Hy sê: as jou siel skade ly, wat help al hierdie goed? Ek dink aan die einde van die dag het hy sekerlik besef dat waarmee hy besig is, hom net verder van God af wegdryf as om hom eerder nader aan die Here te bring.

- Ons moet dikwels selfondersoek doen om te besef hoe ons besig is om te funksioneer met God se goed in hierdie wêreld. Want jy sien, ons sal rekenskap gee vir elke ding wat gesê is, elke keer wanneer ons die Woord van God gehoor het. Wat het ons daarmee gemaak? Het ons dit toegelaat om te groei in ons lewe of het ons dit afgemaak as maar net nog 'n Bybel versie, of 'n preek, of maar net nog weer 'n kerkdiens?

Die Heilige Gees werk nie deur Homself nie, Hy werk deur mense. Telkens wanneer die Heilige Gees ietsie in jou lewe saai, of die Woord in 'n mens se lewe geïmplementeer word, word dit 'n bousteen wat veronderstel is om jou te bou sodat die betrokke boustene spoedig stewige strukture in jou lewe wys.

2. **OORDEEL ONTVLUG**

Heb 2:2 Want as die woord deur engele gespreek, onwankelbaar was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regverdige vergelding ontvang het,

Heb 2:3 hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid veronagsaam

Dit het Hom alles gekos, dit het Hom Sy Godheid gekos. Hy moes alles in die hemel los. Hy moes 'n mens word, Hy moes 'n vloek word, sodat die vloek van ons weggeneem kon word.

Heb 2:5 Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld waarvan ons spreek, nie onderwerp nie;

-o0o-

Heb 2:6 maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek?
Heb 2:8 Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie;
Heb 2:9 maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.

God het Hom aangestel oor die werk van Sy hande.

Hy het die oordeel van ons weggevat, Hy het vir ons gesterf. Wat kon die Vader meer gedoen het as dit?

Die vraag is – *hoe vul ek en jy in die plek wat Hy vir ons voorberei het?*

Daar is so baie mense wat hierdie skrifgedeelte misvat.

Hy sê: *Ek gaan heen*. Hy sê*: In die huis van My Vader is daar baie wonings, Ek gaan om vir julle plek voor te berei.* Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

Let op, daardie plek wat Hy vir ons voorberei is nie nog huise wat Hy gaan bou nie. Hoekom sal Hy huise bou as daar reeds baie plek is en baie wonings is? <u>Daardie plek wat Hy gaan voorberei, is die intersessie wat Hy in die hemel gaan doen. Die Heilige Gees se doel op aarde is, om ons in die plek te bring waar ons kan funksioneer in Sy Liggaam</u>. Dit is die plek, met ander woorde, Hy wil ons in 'n gesagsposisie in plaas.

### 3. EENHEID

Heb 2:10 Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak.
Heb 2:11 Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een;

Hier kom die Eenheid weer in.

- God die Vader het Homself in Christus een gemaak sodat Christus in ons een kan wees, sodat ons in die Vader een kan wees. Dit is die Eenheid.
- Die Heilige Gees gaan in die Bruid bly vir alle ewigheid. Die bruid van Christus, Sy Ligaam, Sy kerk, Sy gemeente – gaan vir ewigheid die derde persoonlikheid van die Godheid word want die Heilige Gees gaan in ons woon, die derde persoon van die Heilige Gees gaan vir ewig in ons woon.
- Dit is die plek in die sy van Jesus wat deur die soldaat gesteek is. Uit Adam se regter sy is 'n rib geneem (Gen 2:21), en daardie rib moet terug beweeg in Christus, die tweede Adam in. Aan die eerste Adam is die vrou gegee; die tweede Adam neem die vrou weer aan.
- Deur Sy Gees wat in die bruid is, sal ons dan volmaak die perfekte wese wees wat saam met Hom een sal word soos Hy met die Vader is.

### 4. ONBESKAAMD (BOLDNESS)

Heb 2:11 ....om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie,

**Hy is nie skaam om aan ons gelyk gestel te word, om ons broeders te noem nie**.

- Maar is ons skaam vir Sy Naam. Hoeveel verkondig ons Sy Naam, hoeveel lewe ons Sy Naam uit?
- Hoeveel keer dank ek nog die Here vir kos in die openbaar?
- Is ek nog bereid om my hoof te buig, my gesin se hande te vat en God dank vir die bord kos of is ek skaam vir Hom?
- Is ek skaam om Jesus te bely vir die mensdom? Hy het dit nie gedoen nie, Hy het gesê Hy het Hom gelyk gestel aan ons, deurdat Hy ons Sy broers genoem het.

Heb 2:12 wanneer Hy sê: Ek sal u Naam aan my broeders verkondig, in die midde van die gemeente sal Ek U prys;

-o0o-

Heb 2:13 en verder: Ek sal my vertroue op Hom stel; en verder: Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het.
Heb 2:14 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel—

Dit is hoe Hy die satan wat oor ons die mag gehad het, kragteloos gestel het:

- Christus Jesus het gesterf;
- Die dood en die hel oorwin;
- Die sleutels van die doderyk terug gevat;
- Satan ontklee, hom kragteloos en magteloos gestel het as verslaande vyand;
- Jesus het opgestaan en nou in Hom is die oorwinning oor die bose.

Deur Christus alleen, kan ons die bose oorwin. Die eenwording met Hom is verskriklik belangrik. Dit is alleenlik in Sy Naam dat ons outoriteit en gesag het. As ons nie in Sy Naam is nie, as ons nie in Sy Woord is nie, as die Woord nie in ons nie, het ons geen outoriteit nie. Dan raak ons soos die sewe seuns van Skeva (Hand 19:14), dat die duiwel met ons kan mors net soos ons wil. Maar die oorwinning is nie in ons nie, die oorwinning is in Hom.

## 5. MEDELYE

Heb 2:15 en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.
Heb 2:16 Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom.
Heb 2:17 Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.
Heb 2:18 Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word.

Dit is hoekom Hy kan medelye hê met my en jou, want Hy was daar, Hy was mens soos ek en jy, vlees soos ek en jy. Hy was versoek op elke manier. Christus Jesus het alles deur gegaan wat ek en jy moes deurgaan, vir Hom is niks vreemd nie. Omdat Hy mens was, normale mens soos ek en jy, het Hy nogtans Sy plek geken en in die Wil van die Vader bly lewe en funksioneer. Daarom, omdat Hy in die Verbond beweeg het, kon satan aan Hom niks doen nie. Satan het aan Hom geen houvas nie.

## 6. WAAR STAAN JY?

My raad aan jou is – gaan deursoek jouself 'n bietjie en kyk regtig waar staan jy.

- Wat doen jy met God se Woord wat Hy vir jou gegee het?
- Is dit maar net 'n skrifgedeelte wat jy lees, of gryp jy daardie Woord aan en maak dit deel van jou lewe sodat die saad wat in jou lewe in gesaai is, sal opgroei en vrug begin dra in jou lewe.

Bly in die Wil van God. Gaan deursoek jouself en kyk of jy nog regtig op die plek is waar jy moet wees.
**Die Here vra van ons so min**. Hy sê Mat 11:30 want my juk is sag en my las is lig.

Kom ons begin mekaar ondersteun, bid vir mekaar, begin mekaar se laste te dra.
Dit gaan nie meer oor myself nie, lankal nie meer nie.
Dit gaan oor die broer en suster wat die Here langs my gesit het wat my lig nodig het sodat my lig sal skyn in 'n donker wêreld.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

-o0o-